

# WOORD VAN De Wet

Hoof Uitvoerende Direkteur/ Chief Executive Director

Paasfees is vir my dié hoogtepunt op ons Christelike kalender, want dis waarop ons geloof gevestig word.

Op Goeie Vrydag word ons herinner aan die grootste daad van liefde en opoffering wat die wêreld nog ooit geken het. Die kruis van Jesus is nie net 'n simbool van pyn en lyding nie, maar 'n teken van HOOP, VERGIFNIS en NUWE LEWE.

By Engo glo ons dat die boodskap van Goeie Vrydag ons daagliks inspireer om met deernis en omgee na ons gemeenskappe uit te reik. Soos Jesus sy lewe gegee het vir die wêreld, so word ons geroep om ons hande en harte oop te maak vir diegene wat swaarkry.

May this day remind us that even in the darkest moments, light and deliverance are brought by Jesus.

May it encourage us to serve one another with love and respect and to bring HOPE where despair reigns.

We hope you had a blessed Good Friday, and we pray that the peace of Jesus filled your hearts and that His grace carries you through every season of life.



SORGVERLATERSKAMP 2026

# ’N WEEK VAN GROEI, HOOP *en voorbereiding*

**Die Sorgverlaterskamp 2026 het 38 jongmense uit jeugsorgsentrums regoor die Vrystaat byeengebring vir ’n lewensveranderende ervaring van 27 Maart tot 6 April 2026.**

Die fokus is om hulle toe te rus met die vaardighede en selfvertroue wat nodig is vir die volgende hoofstuk van hul lewens. Gedurende die kamp is daar gefokus op praktiese lewensvaardighede, gesonde verhoudings en werksplekvoorbereiding. Deelnemers kry ook die geleentheid om waardevolle werkservaring op te doen by verskeie instansies – van gesondheidsorg en maatskaplike werk tot kleinhandel en restaurante.













’n Kernboodskap van die kamp is die arend-simbool – jongmense wat hul “nes” verlaat en leer om met moed, onafhanklikheid en doelgerigtheid die wêreld aan te pak.

Een van die hoogtepunte was die “Stories of Hope”-sessie, waar voormalige sorgverlaters hul inspirerende verhale gedeel het. Twee deelnemers het selfs werksgeleenthede ontvang – ’n bewys van die kamp se impak. Die boodskap is duidelik: hou vas aan hoop, wees dapper, en glo dat jou storie nog besig is om ontvou.

Baie dankie aan elke persoon en instansie wat hierdie reis moontlik maak, julle maak ’n groot verskil.



# CHOOSING KINDNESS

## OMGIE INSPIRES HOPE AND COURAGE AT DR BÖHMER SCHOOL OF SKILLS IN BLOEMFONTEIN

On 9 March 2026, Engo Family Care visited Dr Böhmer School of Skills in Bloemfontein to present an awareness session on bullying and racism.



Engo’s beloved Mascot, Omgie, helped share a message of care, hope, and kindness. Through engaging interaction, learners were equipped to recognise bullying, understand its impact, and respond in a positive and constructive way.



With rising concerns around teenage depression and suicide, initiatives like these play a vital role in supporting young people’s well-being. The session not only informed but inspired meaningful reflection and change.

**Omgie left learners with a powerful reminder: every person has the ability to make a difference by choosing kindness.**

# ’N BESOEK VOL HOOP

## FRANK OPPERMAN INSPIREER JONG HARTE BY CHARLOTTE THERON KINDER- EN JEUGSORGSENTRUM IN BETHLEHEM





Op 12 Maart 2026 het die bekende akteur Frank Opperman Charlotte Theron Kinder- en Jeugsorgsentrum (CTK) in Bethlehem besoek tydens sy reis na Bethlehem, waar hy ook ’n vertoning aangebied het.

Tydens sy kuier het hy ’n persoonlike storie gedeel oor sy pa, wat self by CTK grootgeword het en later as maatskaplike werker baie jong lewens positief beïnvloed het.

Frank het die kinders aangemoedig om hul beste op skool te doen en elke geleentheid aan te gryp, met die herinnering dat daar ’n wêreld van moontlikhede op hulle wag.

**Sy opregtheid en humor het groot vreugde gebring, en sy besoek het nuwe hoop en inspirasie in jong harte geplant.**



# ’N LEWE GOED GELEEF

## INWONER VIER 100 JAAR VAN ’N MERKWAARDIGE LEWE



Op 12 Maart 2026 het Ons Tuiste in Bloemfontein die besondere voorreg gehad om tannie Phoebe Hewett se 100ste verjaardag te vier – ’n merkwaardige mylpaal vol wysheid en genade. Familie, inwoners en personeel het saam met haar ’n oggend van warmte en dankbaarheid gedeel. Haar vriendelikheid en stille krag het almal diep geraak.

**Sy herinner ons om die mooi in mense raak te sien, vreugde in die klein dinge te vind en elke dag te waardeer.**

# ’N FEES VAN SAMEHORIGHEID

## DIE HARTKLOP VAN GEMEENSKAP BY DIE OOR-DIE-VAALFEES

Op 14 Maart 2026 het Viljoenskroon se Oor-die-Vaal-fees duisende besoekers na Salomon Senekal Hoërskool gelok, met meer as 900 kinders wat aan die dag se aktiwiteite deelgeneem het.

Die Viljoenskroon Sentrum vir Bejaardes se pannekoekstalletjie was ’n groot trekpleister. Ná dae se voorbereiding en 460 liter deeg was die melktertgevulde pannekoek ’n gunsteling – met min “floppe” en baie tevrede gesigte.

Die ware hoogtepunt was die samewerking tussen inwoners, personeel en vrywilligers uit die gemeenskap. Saam het hulle ’n groot sukses van die dag gemaak.

**Moë liggame, maar trotse harte het weereens bewys: wanneer ’n gemeenskap saamstaan, gebeur daar iets besonders.**





# BRUID VAN CHRISTUS

## 'N INSPIRERENDE BOODSKAP VAN HOOP, GEBED EN GEMEENSKAP BY DIE ESTERFEES

Op 14 Maart 2026 het die vroue van Charlotte Theron Kinder- en Jeugsorgsentrum (CTK) in Bethlehem die Esterfees by Ionia Kersieplaas bygewoon. Die tema, Bruid van Christus, is versterk deur inspirerende boodskappe van Elza Meyer en Ellenore Meyer van den Heever. In 'n besige wêreld het hierdie geleentheid vroue die kans gegee om saam te kom, mekaar te bemoedig en te fokus op gebed vir hul gesinne, werk en die kinders in jeugsorgsentrums.



**Elke vrou word aangemoedig om die volgende Esterfees by te woon, 'n ervaring wat werklik harte raak.**

# ENGO ROLMODELLE BLINK UIT

## IN SAMBA ROLBAL BESIGHEIDSLIGA

Die Samba Rolbal Besigheidsliga het van 5 Februarie tot 26 Maart 2026 by Oud Student Sportklub in Bloemfontein plaasgevind. Engo se Rolmodelle-span het, ondanks beperkte ervaring, met sterk spangees en deursettingsvermoë 'n indrukwekkende reeks van 11 oorwinnings, 2 nederlae en 2 gelykopuitslae behaal en onder die topspanne uit 16 geëindig. Op 26 Maart het Engo in die finaal teen Duratec Batteries gespeel en gelykop geëindig, maar die teenstanders het op punteverskil gewen.







**Die ervaring het spanwerk, volharding en groei versterk – 'n bewys dat Ewige Hoop in aksie is.**

# MEER AS NET GROEN

## 'N VIERING VAN SINT PATRICKDAG BY ONS TUISTE IN BLOEMFONTEIN

Op 17 Maart 2026 het die personeel en inwoners van Ons Tuiste Sint Patrickdag saam gevier, met feestelike groen kolwyntjies wat met sorg uitgedeel is deur Wayde D'Aguiar namens Feedem. Hierdie wêreldwye viering van die Ierse kultuur, gekenmerk deur die kleur groen, is vernoem na Saint Patrick, wat bekend gestaan het as die "Apostel van Ierland". Volgens oorlewering het hy die klawerblaar gebruik om die Drie-eenheid te verduidelik. Die kolwyntjies, versier met klawerblare, het nie net vir vrolikheid gesorg nie, maar ook 'n dieper betekenis gedra.






**Hierdie eenvoudige gebaar het groot vreugde gebring en herinner ons dat dit dikwels die klein dinge is wat die grootste verskil maak.**

# FUN WITH PURPOSE

## A JOY-FILLED GAMES DAY THAT INSPIRED CONNECTION AND HOPE

On 21 March 2026, Merafong Child and Youth Care Centre in Welkom hosted a vibrant Games Day, inviting children from the community to enjoy a day of fun and connection while raising awareness about the centre.





**One of the highlights was an energetic boxing step class led by Mike Khomoaleburu from Virgin Active, which got everyone moving and involved.**

A variety of games, including Jumbo Jenga, bean bag toss, a three-legged race, and an egg-and-spoon race, kept the excitement going. Pancake sales were a great success, and the children were also treated to hot dogs and cool drinks.

# EVERY DROP COUNTS

## ONS GRYSE JEUG SPREADS AWARENESS ON WORLD WATER DAY

On 22 March 2026, in celebration of International World Water Day, Ons Gryse Jeug in Sasolburg made a meaningful impact by distributing 324 water bottles at Checkers Grootfontein Sentrum.




This initiative was made possible through generous donations from Feedem, with Caroline de Lange and her team assisting in the distribution. Additional support came from I-Water, who donated 100 bottles.

The team – Karin du Plessis, Sakkie van Zyl and Mari-Zaan du Plessis – shared the message of health and awareness with great enthusiasm. A special highlight was Dafne Schoeman, who brought energy and excitement as the I-Water mascot.




**This simple yet powerful initiative reminded everyone that every drop counts, and that meaningful change starts with small, intentional actions.**

# WHEN SERVICE MEETS HEART

## A STORY OF COMMUNITY SUPPORT AND SELFLESS GIVING

Engo Family Care Services Hennenman/Virginia extends heartfelt thanks to RAM Couriers Bloemfontein and the Welkom branch for transporting donated items free of charge from the Provincial Office to Virginia. On 25 March 2026, the delivery was completed by Ivan, whose friendly and professional service reflected genuine care and commitment.



**Thank you for your kindness, professionalism and community spirit – your impact truly matters.**

# DIE AVONTURE VAN OMGIE



DIE VRUG VAN

# NEDERIGHEID

**Omgie is weer op reis.**

**Met sy bondeltjie vol Vrugte van die Gees stap hy elke maand 'n nuwe avontuur binne. Soms raak die pad moeilik. Soms is dit vol vreugde.**

**Maar elke keer moet Omgie kies:**

**Watter vrug gaan hom help om vandag die regte ding te doen?**

**Kom stap saam met Omgie — en ontdek watter vrug hierdie maand se storie dra.**

Omgie kom in 'n dorpie aan waar almal baie besig is. Tafels word gedek, blomme word rangskik en mense hardloop heen en weer.

"Dis Paasfees!" roep iemand.

Omgie wil help. "Ek sal die grootste mandjie dra!" sê hy trots.

Hy lig 'n groot mandjie... maar struikel — en boem! Eiers rol oral rond.

"Dis reg," sê 'n tannie sag. "Ons tel weer op."

Omgie voel skaam. Hy probeer weer, maar hoe meer hy voor druk en harder praat, hoe meer raak dinge deurmekaar. Uiteindelik stap hy stil eenkant toe.

Toe voel hy sy bondeltjie. Hy maak dit oop.

**Binne lê die Vrug van Nederigheid. Dit fluister:**

**Jy hoef nie die grootste te wees om belangrik te wees nie. Ware krag help sagkens.**

Omgie kyk op en sien 'n klein seuntjie wat alleen stukkende eiers optel. Niemand sien hom raak nie.

Omgie kniel langs hom.

Hy sê niks groot nie — hy help net.

Saam tel hulle die eiers op. Saam dra hulle 'n klein mandjie — net genoeg.

Stadig begin ander mense dit sien. Hulle help mekaar. Hulle praat sagter. Die dorpie voel warmer.

Toe die Paasfees-tafel klaar is, is dit nie perfek nie... maar almal sit nader aan mekaar.

Die seuntjie glimlag. "Dankie dat jy my raakgesien het."

Omgie glimlag ook. Hy verstaan nou:

**Paasfees gaan oor liefde wat afbuk... sodat ander kan opstaan.**

**En met 'n ligte, bly hart stap Omgie verder — vol hoop en liefde.**












# DATUMS OM TE ONTHOU

- 10 April 2026 – Jump for Jesus, Lewende Woord, Bloemfontein
- 11 April 2026 – 5km Hardloop of Loop, Navil Hill, Bloemfontein
- 17 April 2026 – Senekal Kinder- en Jeugsorgsentrum Gholfdag
- 17 April 2026 – Trompsburg Landbou Slag en Stoor Veiling
- 23 April – 2 Mei 2026 – Bloemskou
- 24 April 2026 – Silwerbron Sentrum vir Bejaardes Basaar, Wesselsbron
- 1 Mei 2026 – Winterwarm Komberse Projek begin, Gesinsorg Bloemfontein

*Visit Engo's Events Calendar for more information about upcoming events.*
*If you missed any of our previous newsletters, please visit www.engo.co.za.*
*If you have any comments, concerns, or compliments, please send them to info@engo.co.za.*




*For God so loved the world that he gave his one and only Son, that whoever believes in him shall not perish but have eternal life.*